

# St. Flora & St. Maria

## 24 November

(sterf 856)

Hierdie twee Christen martelaresse van Córdoba het albei hul lewens vir die geloof opgeoffer in die tyd van die Moorse oorheersing van Spanje. Flora is in die geheim deur haar moeder as Christen groot gemaak. Toe haar broer uitvind het haar opgesluit en mishandel. Sy ontsnap en ontmoet Maria, die suster van ’n diaken, wat as martelaar gesterf het. Uiteindelik het hulle hul Christelike geloof voor die plaaslike Moslem regter gaan verklaar. Hulle is in die gevangenis geplaas, waar hulle gefolter is en later onthoof is.

© Die Oratorium Uitgewery